# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

Reis saam met Job – van vaste oortuigings tot vraende geloof.

# Votum



Ons kom vandag voor God,
nie met vaste oortuigings nie,
maar met vraende harte.
Ons kom nie omdat ons alles verstaan nie,
maar omdat ons weet:
*“Ons hulp is in die Naam van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.”*

# Seëngroet



Genade, barmhartigheid en vrede –
van God ons Vader,
van Jesus Christus ons Here,
en van die Heilige Gees
wat ons troos en lei



# Flam 34

Here, U is my lewe,
ek ken U veilige bewaring elke dag.
Here, U is my vrede,
as die storms om my woed
met brute krag.
En as ek val, is U by my.
U het betaal en ek is vry!

Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met snaar
en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!

Here, uit U hande
kom net wat mooi is
en wat heilig is vir my.
Here, U genade
het my deur alles heen
tot hierdie dag gelei.
En as ek val, is U by my.
U het betaal en ek is vry!

Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met snaar
en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!


Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met
snaar en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,

Daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!

# Die boek Job – 7 tonele



# Die boer wat altyd dankbaar was



# Wie was Job?

[redacted]





# Reis saam met Job – van vaste oortuigings tot vraende geloof

'n eksterne mag

## 'n Skematiese uiteensetting van die boek Job

PROLOOG : 1-2

Job, die verbitterde — 3

| | Elifas | Job | Bildad | Job | Sofar | Job |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gesprekke: 1e reeks | 4-5 | 6-7 | 8 | 9-10 | 11 | 12-14 |
| Gesprekke: 2e reeks | 15 | 16-17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| Gesprekke: 3e reeks | 22 | 23-24 | 25 | 26 | | 27 |

Toespraak oor wysheid — 28

JOB SE KLAG — 29-31

Toespraak van Elihu — 32-37

| | God | God | Job | God |
|---|---|---|---|---|
| Gesprekke met God | 31:1-39:33 | 39:34-35 | 39:36-38 | 40:1-41:25 |

Job, die ootmoedige — 42:1-6

EPILOOG: 42:7-17

**1 - 2 – Inleiding – Job verloor alles**

3 - Job is verbitterd

4-14 - Gesprek - 1ste reeks - E - J - B - J - S - J

15-21 - Gesprek - 2de reeks - E - J - B - J - S - J

22-27 - Gesprek - 3de reeks - E - J - B - J - - J

28 - Toespraak oor wysheid - Om die Here te dien

29-31 - Job se klag - Die Here is onregverdig

32-37 - Toespraak van Elihu – Ons kan leer uit lyding

38-41 - Gesprek met God - God - God - Job - God

42:1-6 – Job die nederige (Nederig, beskeie, onderdanig)

**42:7-17 – Afsluiting – Job kry meer**



Job
vroom
opreg
welvarend


## Toneel 1:

Daar sit ‘n vroom ryk man op die stoep van sy voorstedelike huis. Die verteller vertel van sy **rykdom** en van sy **vroomheid** - hoe hy vir sy kinders bid wanneer hulle partydjies hou.


Satan betwyfel die motiewe van Job se geloof
Job
vroom
opreg
welvarend

**Toneel 2:**

Die toneel verskuif na die hemel: God spog met Job – "*hy is vroom en opreg, hy dien my en vermy die kwaad.*" Satan beweer dat Job die Here net dien ter wille van die voordele wat hy daaruit kry. As God aan sy mooi huis en besittings vat, sal Hy twyfel en God vervloek. Dit gaan oor die vraag of Job regtig glo



Job verloor alles
Slegte gebeure

# Toneel 3:

Die een na die ander ramp tref Job, rampe wat hom vrae oor God laat vra. Alhoewel sy tradisionele opvattings oor God nou eensklaps leeg en inhoudloos is, bly hy steeds getrou aan God. Sy vrou raai hom aan om God te vervloek, maar hy weier.


Krisisse is deel
van die lewe


Help geloof regtig in krisis?
Hoekom gebeur slegte
goed met goeie mense?
Om alles te verloor
Is vroomheid nie maar
net selfgesentreerd?
Sal mense lojaal bly?


Job verloor alles
Job verbit-terd
Slegte gebeure
Effek


# Toneel 4:

Job sit op die dorp se ashoop en krap sy rou sere met 'n potskerf. Drie goeie vriende daag op en kom sit by Job. Vir sewe dae en nagte sê hulle niks. Dan begin hulle praat – lank en aanmekaar. Oor en oor herhaal hulle dieselfde refrein: "*Dis jou verdiende loon – God straf jou vir jou sonde. Bely net en vra vergifnis.*" Dan kom Job aan die woord: "*Ek het nie gesondig nie*!" Alhoewel hy God verwyt het (klag), het hy steeds met God bly worstel. Hy probeer verstaan hoe God werk.



# Krisisse het ’n besliste effek op ons geloof


Mense soek rede
en sin in krisis




Die Here is…
- onregverdig
- *vergeld of straf*


Almal werk met hulle oortuiging


Mense soek rede
en sin in krisis
Gevaarlike plek

# Transaksie-teologie konfronteer

- Teenspoed nie noodwendig vergelding
- Daar kan ander oorsake wees
- Dit kan ander geleenthede skep
- Dit kan ander doelwitte beoog





Job verloor alles
Job verbit-terd
Job se klag
Storm-wind gesprek
Slegte gebeure
Effek
Gevolg trekking
“Sien” God

**Toneel 5:**

God self kom op die verhoog en praat uit ‘n stormwind met Job. God beantwoord nie sy vraag waarom die ellende hom tref nie, maar wys hom op die grootheid van sy skepping, sodat Job sy eie nietigheid kan verstaan. Job staan in verwondering voor God.

# Waar was jy toe Ek…

Sien lyding teen groter agtergrond as net die van die persoon wat ly

Daar bestaan 'n ander perspektief wat nie vir die lyer sigbaar is nie

## Hofsaak

Jy hoef nie lyding te verstaan - dit vra net kinderike vertroue

Jy hoef nie die skepping te verstaan om dit te sien, te ervaar en geraak te word…

**Transaksie-teologie**
fokus op die oorsaak
Hoekom? Soek antw.


God kan nie vasgevang word in sulke menslike skemas nie

**Vertroue-teologie**
fokus op verlossing

Hou aan glo - nie o.g.v. antwoorde, maar o.g.v. sy teenwoordigheid & ‘n herstelde verhouding

# God met ons




Job verloor alles
Job verbit-terd
Job se klag
Storm-wind gesprek
Job kyk anders
Job vroom opreg welvarend
Job praat met drie vriende
Vierde vriend se raad
Job oorweldig tot stilte
Job leef anders

# Toneel 6:

Job doen ‘n belydenis:“*Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as.*”


Oorgawe
en vertroue
Nederige,
ootmoedige
lewe


# Toneel 7:

Op die verhoog is God, Job en sy vier vriende. Nou gaan die uitspraak kom oor wie reg was oor God. Die vriende word bestraf: “*Elifas, jy en jou twee vriende, Ek is kwaad vir julle, want julle het nie die waarheid oor my gepraat soos my dienaar Job nie.*” Julle het aan julle sekerhede geklou, maar Job het aan my vasgehou al het hy getwyfel. Job kry opdrag om vir hulle te bid. Juis hierdie gebed te midde van ramp herstel hom.


Reis saam met Job –
van vaste oortuigings
tot vraende geloof

# Ons reageer op God se Woord:

- Geloofsbelydenis
- Gebed van toewyding
- Bevestiging van kerkraadslede
- Offergawes




# Geloofsbelydenis

**Ds.:** Ek het al baie oor God gepraat, maar ek is nie opgewasse om oor God te praat nie
dit pas by my om liewer stil te bly
God se wonderdade is te groot vir my.

**Gemeente:**

- Ek glo dat Jesus kom wys het hoe God is;
- Ek glo die Gees skep die geloof in my;
- Ek glo in God, die ewig onbegryplike Wese
  Vader, Seun en Heilige Gees.



# Gebed van toewyding

Here, ons bring nie antwoorde nie, maar vrae.
Ons bring nie sekerhede nie, maar hoop.
Ontmoet ons in ons stilte, ons worsteling en ons gebede.
Laat ons U teenwoordigheid ervaar –
– selfs al verstaan ons nie altyd nie.
Amen

# VONKK 72:1

Wees stil, want die Heilige is hier
in ons teenwoordigheid.
Kom buig nou voor Hom neer
met eerbied en ontsag.
Erken sy heiligheid
en sy geregtigheid.
Wees stil, want die Heilige is hier
in ons teenwoordigheid.

VONKK 72:2

**Wees stil, want die heerlikheid van God**
**skyn oral rondom ons.**
**Hy is met eer gekroon,**
**met mag en majesteit.**
**Uit Hom straal helder lig –**
**’n glans wat als verlig.**
**Wees stil, want die heerlikheid van God**
**skyn oral rondom ons.**

**Wees stil, want die Here God van mag**
**is werksaam om ons heen.**
**Hy neem ons sonde weg,**
**genees ons grootste seer.**
**Niks stuit die Gees se werk**
**of kan sy krag beperk.**
**Wees stil, want die Here God van mag**
**is werksaam om ons heen.**


Mag jy die pad saam met God loop – nie altyd met antwoorde nie, maar altyd in sy teenwoordigheid. Mag jy geborge wees in die misterie, getroos in die stilte en geseënd op die reis.

# Seën



Die Here sal jou seën en jou beskerm.
Die Here sal tot jou redding verskyn en jou genadig wees. Die Here sal jou gebede verhoor en aan jou vrede gee.